

RENOSTERVELD

BOERE HELP MET OPRIGTING VAN NAVORSINGSENTRUM



Die eerste sentrum vir renosterveldnavorsing is op die grootste beskermde stuk laagland renosterveld in die wêreld tussen Bredasdorp en Malgas geopen.

Dié belangrike stuk renosterveld op die plaas Haarwegskloof is verlede jaar deur die Suid-Afrikaanse tak van die Wêreldnatuurfonds (WWF) gekoop. Die WWF het die Overberg Lowland Conservation Trust (OLCT) aangestel om die sentrum te bestuur. Die OLCT het meer as R400 000 van die publiek ingesamel. Die geld is gebruik om die plaasopstal in 'n besoeker-en-navorsingsentrum te omskep en word as die tuiste

van renosterveld beskou.

Met die opening het mnr. Dirk van Papendorp, voorsitter van die OLCT en boer van Heidelberg, gesê die gedagte van 'n renosterveldsentrum bestaan al sewe jaar lank. Al hul bewaringsvennote het gehelp om dit 'n werklikheid te maak. "Die plan is om meer grond te bekom om renosterveld te bewaar en die sentrum sal ons in staat stel om meer plaaslike en internasionale navorsers te huisves om belangrike navorsing te doen oor renosterveld en hoe om dit te bestuur. Ons moet ook die toerismemoontlikhede van ons renosterveld benut."

Dr. Odette Curtis, hoof van die OLCT, het gesê dat renosterveld uiters bedreig is en besonder kwesbaar is vir die uitwerking wat fragmentasie en wanbestuur daarop kan hê. As dit nie beskerm word nie, kan die veldsoort uitsterf. Sy sê die OLCT het hard gewerk om die bewaring en bestuur van die oorblywende stukkies renosterveld te beveilig deur vennootskappe met grondeienaars, bewaringsinstansies en nie-regeringsorganisasies.

Renosterveld word bedreig deur ondeurdagte boerderypraktieke wat oorbeweiing, die onwettige omploeg van veld en on-

BO: Die besoeker-en-navorsingsentrum vir renosterveld op Haarwegskloof. FOTO'S: HEYNÉ BRINK

INLAS: Mnr. Dirk van Papendorp (links) en dr. Odette Curtis knip die lint om die besoeker-en-navorsingsentrum vir renosterveld op die plaas Haarwegskloof tussen Bredasdorp en Malgas te open.

geskikte brandpraktyke insluit. Die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika het sy Florabewaringsmedalje aan Curtis oorhandig ter ere van haar bydrae om renosterveld te bewaar.

– AMELIA GENIS

AGRISAFE

GROOT BEDRAE OP PROMOSIETOER OORHANDIG



Meer as 400 boere wat by Syngenta se AgriSafe-projek betrokke is, het vanjaar uitbetalings van altesame R37 miljoen ontvang. Syngenta het van die geld op 'n promosietoer, wat van 1 September tot 3 Oktober by 25 dorpe in groot graanproduksiegebiede oor die hele land gehou is, oorhandig. Mnr. Coetzee van der Merwe (links), 'n boer van Ermelo, het byna R130 000 van mnr. Petrus von Wielligh (regs) van Syngenta ontvang vir sy betrokkenheid by Syngenta se verskansingsmeganisme wat in 2012 bekend gestel is as deel van die model vir geïntegreerde opbrengs en risikobeskerming. Dié model is daarop gemik om die risiko van 'n veranderende wisselkoers, wisselvallige kommoditeitspryse en die bedreiging van inflasie vir mielieproduksie en -bemarking beter te bestuur. FOTO: MIKE BURGESS

SAAMSTAAN

BOERE VAN RIVERSDAL BYEEN

Boere naby Riversdal kon onlangs die jongste inligting oor 'n wye reeks onderwerpe en kwessies hoor by die jaarlikse skaap-en-woldag van die landbouvereniging Saamstaan. Die verrigtinge by die Merino-stoetery Platkop buite Riversdal het ingesluit lesings oor verskillende ondernemingsvorme, die belangrikheid van genetiese vordering by wolproduksie en die bestryding van ongediertes, terwyl plaaswerkers weggebreek het vir praktiese opleiding in skaaphantering en -evaluering

en draadspantegniese. Prof. Nick Vink (regs), hoof van die departement landbou-ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch, het boere aangemoedig om hul produksiepraktieke aan te pas by veranderinge in vraag. By hom is mnr. Artho Saayman van die Platkop-stoetery.

FOTO: HANNO MARITZ

